# NUWE KERK PRETORIA OOS.

## DIE PLEGTIGE INWYDING.

## OPENINGSREDE DEUR DIE MODERATOR.

Presies om vyf voor drie Sondagmiddag het die kerkklok van die nuwe Kerk, Pretoria Oos, dit wêreldkundig gemaak dat dit die "derde gelui" was van die eerste diens wat in die pasvoltooide gebou gehou sou word; die inwydingsdiens. 'n Reuseskare het buitekant die gelui gehoor wat die herinnering van meer as een Pretoriaan teruggevoer het na die dae, toe die Ou Kerk op Kerkplein gestaan het en toe dieselfde klok die tyd van aanvang van die diens aangekondig het.

Toe die gelui ophou begin die skare met te sing van Psalm 100, die eerste en twede verse. Vir die bevoorregt wat in die kerkgebou was, was dit plegtige oomblik. Duidelik helder kli die welbekende wysie van die psalm e met die wegsterf van die laaste note word 'n geritsel by die deur gehoor. Dr. D. J. Keet, leraar van die gemeente, sluit die deur oop en, gevolg deur ds. Paul Nel, lede van die Moderatuur en van die boukommissie en van die Kerkraad, tree hy die Godshuis binne, onder die gesing van "Gaat tot Zijn poorten in met lof."

Die kerkgebou met sy kiaathoutbanke en sindelike voorkome maak 'n goeie vertoning. Die kansel word bestyg deur dr. Keet, ds. Nel en ds. M. J. du Preez (konsulent). Intussen stroom die mensemenigte binne. Die ledige sitplekke word gou beset en binne enkele minute is alle beskikbare ruimte n beslag geneem. Buitekant, by die deure, staan honderde wat nie toegang kan verkry nie.

Meteens val 'n stilte oor die gemeente. Dr. Keet steek die hande hemelwaarts en spreek die seën uit. Na die sing van die welbekende Psalm 146, die eerste vers, sing die koor, onder leiding van mnr. J. Connell, die "Halleluja", uit "Die Messias" van Händel. Die Koor word begelei deur die Poliesie-orkes, onder leiding van luit. Wheeler.

### WYDINGSREDE.

Die wydingsrede word gevoer deur ds. Paul Nel. Syeerw. neem tot teks Genesis 32 vers 30, "En Jacob noemde den naam dier plaats Pniël: want, zeide hij, ik heb God gezien van aangezicht tot aangezicht, en mijne ziel is gered geweest."

Dr. Nel wens dr. Keet, die kerkraad en die gemeente geluk met die voltooide kerkgebou. Hy spreek die hoop uit dat dit 'n plek word, wat in waarheid 'n Pniël sal wees, 'n plek waar met God in die gebed geworstel word; 'n plek waar die gemeentelede "vorste en vorstinne" word van God. Die gebeurtenis laat spr. dink aan wat iemand geskryf het van die begrafenis van die groot da Costa. In die kerk in Amsterdam, by geleentheid van die begrafenisdiens, het die koor gesing: "'t Hijgend hert der jacht ontkomen." Die groot gehoor het onder die indruk van daardie Psalm gekom want dit was so tiepies van de groot volksanger. Hy was altyd rusteloos, soekende naar iets hoërs. Die gebeurtenis word vandag in die herinnering geroep en die groot samekoms by die inwyding getuig van die drang van die mens na bo-aardse dinge en na God. Die gebou is 'n bewys van wat omgaan in die hart van die gemeente. Dit moet 'n Pniël word, waar God van aangesig tot aangesig gesien kan word.

Spr. begeer dat die gebou 'n tempel word wat in waarheid 'n Pniël is en waar die sien van God tot sieleredding lei. Hy begeer dat die plekke, waar die Heer ontmoet kan word, waardeer word. Ook die Saligmaker het plekke gehad, waar Hy gemeenskap met God gevind het, maar Hy het die plekke geken waar die gemeente God van aangesig tot aangesig gesien het en hulle ook getrou besoek. Dis 'n sieke vroomheid wat beduie dat mens God oral, in die veld of waar ook, kan dien. Wil die mens God sien moet hy kom na die plek waar hy gesien kan word. As dit 'n plek van die gebed moet word, moet dit trou besoek word.

Jacob het aan God vasgehou en 'n seën van Hom afgebid en Hom nie losgelaat nie, totdat hy die seën ontvang het. Daar word gekla oor doodsheid, swakheid van die sielelewe; oor die golf van ongeregtigheid. Mens soek na die oorsake en die middele, maar die sal nooit gevind word nie, tensy Gods volk 'n biddende volk word. Toe Kristus weggegaan 't, het Hy gesê: "My is alle mag gegee, gaat heen en predik die evangelie aan alle kreature." Sal ons dan verslap in dié heerlike werk?

Die Heer wil Hom openbaar. As die woord gelees en gepredik word, moet dit niks anders wees nie as die suiwere en ewige woord van God. Al word die Woord ook gebring deur 'n swakke; dis die mag van die Woord wat alles regmaak.

Jacob praat van die redding van die siel deur die sien van God. Ons kan onsself teenoor ons medemens verdedig, maar as God Hom aan ons openbaar, is ons in stof en as. By Pniël het die son van die geregtigheid Jacob bestraal. Hierdie kerkgebou sal ook 'n Pniël word, want as God hier gesien word is die siel gered.

Mag die gemeente gestaal word tot die stryd, gestaal deur God sodat ons ook kan sê: "Ek het die goeie stryd gestry."

Na afloop van die treffende rede van ds. Nel word gesing Ges. 2 vers 1.

Ds. du Preez doen 'n kragtige gebed en daarna sing die koor "Heilig, Heilig is die Heer" en "Onze Vader."

Die wydingsoffers word opgeneem en dr. Keet bedank met name mnr. G. Moerdyk, die argitek, die boumeester mnr. J. Coenen en die boukommissie, waarna die seën uitgespreek is.

Daarmee was die eenvoudige, maar treffende diens afgeloop.

Die aanddiens is gehou deur ds. A. J. Louw.

Die wydingsoffer het by die namiddag en aanddienste ongeveer £860 opgebring.